education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

GESKIEDENIS V1

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy besluit watter vrae jy gaan beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag oor dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE opstelvrae oor dieselfde tema beantwoord nie.

6. Beantwoord DRIE vrae.

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG OOR DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *SUID-AFRIKA – DIE PERIODE 1948 TOT 1976* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Gebruik die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

8. Die tyd toegelaat vir hierdie vraestel moet oordeelkundig in die beantwoording van vrae gebruik word, verkieslik ongeveer 50 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord minstens EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 1A

Beskryf die stappe wat generaal JBM Hertzog tussen 1926 tot 1934 gedoen het om Suid-Afrika se konstitusionele onafhanklikheid te bekom. **[50]**

OF

VRAAG 1B

Bespreek die verskillende faktore wat tot die totstandkoming van die Verenigde Party in 1934 en die skeuring in die Party in 1939 gelei het. **[50]**

VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 2A

Verduidelik die sukses van die passiewe versetveldtogte teen die apartheidsregering in die tydperk 1948 tot 1958. **[50]**

OF

VRAAG 2B

Bespreek hoe die verset teen die apartheidsregering in die tydperk 1960 (Sharpeville-massamoord) tot 1976 (Soweto-opstand) in intensiteit toegeneem het. **[50]**

VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 3A

Beskryf die rol wat die United Democratic Front (UDF) in die verset teen PW Botha se regering in die 1980's gespeel het. **[50]**

OF

VRAAG 3B

Bespreek die onderhandelingsproses tussen die Nasionale Party en die African National Congress (ANC) vanaf 1990 tot 1994 wat uiteindelik daartoe gelei het dat Suid-Afrika 'n demokrasie geword het. **[50]**

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

4.1 WATTER FAKTORE HET TOT GENERAAL JC SMUTS SE NEDERLAAG IN DIE 1948 ALGEMENE VERKIESING GELEI?

Gebruik Bronne 4A, 4B, 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord.

4.1.1 Bestudeer Bron 4A.

(a) Wat was, volgens die inligting in die bron, sommige van die probleme waarvoor die Smutsregering te staan gekom het? (2 x 1) (2)

(b) Wat was die redes vir die toename in die eise vir bestaansbeveiliging? (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik hoe die 'Swart-vraagstuk' deur die Nasionale Party gebruik is om steun te wen. (2 x 2) (4)

(d) Waarom is die immigrasieskema as 'n bedreiging vir die Afrikaners beskou? (2 x 2) (4)

4.1.2 Verwys na Bron 4B.

(a) Wat is die boodskap wat die spotprent oordra? (1 x 2) (2)

(b) Beskryf hoe die spotprentkunstenaar Smuts voorstel met betrekking tot die verskillende kwessies waarmee hy gekonfronteer is. (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik waarom jy dink die mandjie 'dringend' gemerk is. (2 x 2) (4)

(d) Hoe ondersteun Bron 4B Bron 4A met betrekking tot Smuts se nederlaag? (2 x 2) (4)

4.1.3 Gebruik Bron 4C.

(a) (i) Voor watter keuse het Smuts, volgens *The Cape Argus,* die mense in sy verkiesingsboodskap gestel? (1 x 2) (2)

(ii) Waarom dink jy was dit nodig dat Smuts dit moes doen? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik of jy meen dat *The Cape Argus* hierdie verkiesing as belangrik beskou het. (1 x 2) (2)

4.1.4 Raadpleeg Bron 4D.

(a) Volgens die inligting in Tabel 1, hoe dink jy het beide Smuts en Malan die uitslag van die 1948-verkiesing beskou? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik hoe Motlana en Tambo op die uitslag van die 1948-verkiesing gereageer het. (2 x 2) (4)

(c) Wat lei jy af uit Tambo se stelling: 'ons gaan 'n beter geleentheid hê om ons mense te mobiliseer'? (1 x 2) (2)

4.1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (80 woorde) oor die faktore wat tot Smuts se nederlaag in die 1948 algemene verkiesing gelei het. (8)
[50]

VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

5.1 WAAROM IS DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC) GEDWING OM 'N GEWAPENDE STRYD TEEN DIE WIT MINDERHEIDSREGERING IN DIE 1960'S TE VOER?

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord.

5.1.1 Bestudeer Bron 5A.

(a) Hoe het swart aktiviste die gemeenskap wat deur dekades van segregasie geskep is, beskou? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik waarom jy dink swart aktiviste die gebruik van geweld geregverdig het. (2 x 2) (4)

(c) Watter tipe regering het die swart aktiviste vir die land begeer? (1 x 2) (2)

(d) Watter besluite is in Junie 1961 deur die ANC geneem met betrekking tot die wit minderheidsregering? (1 x 2) (2)

(e) Hoe was die gewapende vleuel van plan om sy bedrywighede (operasies) te loods? (2 x 2) (4)

(f) Lewer kommentaar op die verhouding tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in die bevrydingstryd in die 1960's. (1 x 2) (2)

(g) Waarom dink jy het baie lede van die Suid-Afrikaanse Kongres van Vakbonde by die gewapende stryd aangesluit? (1 x 2) (2)

5.1.2 Gebruik Bron 5B.

(a) Verduidelik hoe Bron 5B die bewyse in Bron 5A met betrekking tot die verandering in die ANC-beleid ondersteun. (2 x 2) (4)

(b) Watter bewyse in die bron dui daarop dat daar in die 1960's dwarsoor die land pogings tot aanvalle was? (1 x 2) (2)

(c) Watter invloed dink jy het die militêre opleiding wat Nelson Mandela ondergaan het, met sy terugkeer na Suid-Afrika gehad? (2 x 2) (4)

5.1.3 Verwys na Bron 5C.

(a) Verduidelik waarom die leiers van Umkhonto we Sizwe (MK) op Lilliesleaf-plaas gearresteer is. (1 x 2) (2)

(b) Wat was die aanklaer (vervolging) se hoofaanklagte teen die opperbevel van MK? (2 x 2) (4)

(c) Watter van die veroordeelde beskuldigdes, wat later deur die Nasionale Party-regering uit die tronk vrygelaat is, het na 1990 'n leidende rol in die politieke veranderinge in die land gespeel? (4 x 1) (4)

(d) Verduidelik waarom Bron 5C nuttig sal wees vir 'n navorser wat die geskiedenis van MK bestudeer. (2 x 2) (4)

5.1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (80 woorde) om te verduidelik waarom die African National Congress gedwing was om 'n gewapende stryd teen die wit minderheidsregering te voer. (8)
[50]

VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

6.1 HOE HET STEVE BIKO SE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN ('BLACK CONSCIOUSNESS') TOT DIE VERSETSTRYD IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

Gebruik Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord.

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Volgens die bron, wat dink jy word met Swart Bewussyn ('Black Consciousness') bedoel? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik, in jou eie woorde, wat die twee magte was, waaraan swart mans volgens Biko in die land onderworpe was. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik wat Biko bedoel het met die stelling: 'dat volkomenheid met witwees saamgaan'. (2 x 2) (4)

(d) Gebruik die inligting in Bron 6A en jou eie kennis en verduidelik waarom Biko se filosofie dat die swart man gedwing is om 'n sekere staat van vervreemding te ontwikkel, geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B.

(a) Verwys na Standpunt 1. Beskryf hoe die Soweto studente-opstand die Swartbewussynsfilosofie ondersteun het, volgens Biko. (2 x 2) (4)

(b) Watter eienskappe in die jonger geslag se idees van Swart Bewussyn het Biko beklemtoon? (2 x 1) (2)

(c) Verduidelik Biko se stelling in Standpunt 1: 'Hulle besef dat ons nie maar net met blote brood-en-botter-sake te doen het nie.' (1 x 2) (2)

(d) Verwys na Standpunt 2. In watter mate sou jy sê was Nengwekhulu 'n ondersteuner van die SASO? (1 x 2) (2)

(e) Vergelyk Standpunte 1 en 2. Verduidelik die redes vir die uiteenlopende standpunte van Biko en Nengwekhulu oor die rol wat Swart Bewussyn in die Soweto studente-opstand gespeel het. (2 x 2) (4)

6.1.3 Raadpleeg Bron 6C.

(a) Watter boodskap word deur hierdie foto oorgedra? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik die simboliese betekenis van die gebreekte ketting in die plakkaat. (1 x 2) (2)

(c) Verwys na Bronne 6B en 6C. Verduidelik watter van die twee bronne jy dink die nuttigste sal wees vir 'n historikus wat die lewe van Steve Biko bestudeer. . (2 x 2) (4)

6.1.4 Verwys na Bronne 6B en 6C. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar aanvul (ondersteun) met betrekking tot die impak van Swart Bewussyn ('Black Consciousness') op die jeug. (2 x 1) (2)

6.1.5 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (100 woorde) en verduidelik hoe Steve Biko se filosofie van Swart Bewussyn ('Black Consciousness') tot die versetstryd in Suid-Afrika bygedra het.

(10)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou